

25 APRIL 2017

CIRCULAR 06/2017

Dear Parents/Guardians

**Today is the fruit of yesterday – it is also the seed of tomorrow.**

Jacob M. Braude

**MESSAGE FROM THE PRINCIPAL**

We trust that you have all had an enjoyable holiday and are looking forward to the second term. The term will definitely be busy with various activities: rugby, netball, soccer and chess. We will also start practising for the revue which will be performed in the third term.

**IMPORTANT DATES**

- |          |   |
|----------|---|
| 26 April | School closes @ 13h00   |
| 27 April | Freedom Day   |
| 29 April | School holiday  |
| 1 May    | Workersday  |
| 4 May    | Rugby @ School of Achievement<br>Netball @ Frances Vorweg   |
| 8 May    | Mathematics Olympiad Gr 4 - 6   |
| 10 May   | <b><u>Parent training: MATHS MADE EASY</u></b><br>Put on your exercise gear and come learn how to <b>MAKE MATHS FUN!</b> During this exciting workshop parents will gain an understanding of the basics of Maths and how to assist their children learning Maths skills in a practical way. |
| 11 May   | Financial meeting SGB   |
| 13 May   | Sportsday (Rugby & Netball) against Destinata   |
| 15 May   | SGB meeting (General )  |
| 16 May   | Netball @ School of Achievement   |
| 18 May   | Rugby @ WK du Plessis   |
| 19 May   | Ladies' tea   |
| 25 May   | Rugby @ Delta Park  |

**EASTER EGGS – THANK YOU SO MUCH!!**

A very big thank you to all the learners, parents and teachers for the awesome contribution of 2 323 Easter eggs!! We were able to bless the following groups of people: Gate way Village and school, Klein Helderkruin Senior Home, Lebogang Crèche in Princess, Donovan Mc Donald Senior Home, Roodepoort Care of the aged, various women and children shelters such as Champions for change in Horizon. The eggs were really appreciated. **Mam Carla's Grade 7A** class brought in the most eggs, **CONGRATULATIONS!!**

**FEEDING SCHEME APPEAL**

We urgently need your help in Term 3, please. Food may be donated or you could be asked to make sandwiches, hotdogs etc. **Please contact Mam Hunter at school.**

**2017 is REVUE YEAR!!!** We are all very excited. The whole school (Gr.1 to Gr.12) will be participating in the revue. The performances will be from **14 to 17 August 2017**. There will also be technical rehearsals, a dress rehearsal as well as a DVD recording beforehand. More information on this to follow soon.

To make the revue a success, we need everybody's support and cooperation. Costumes will be rented from Hollywood Costumes and some costumes will even have to be handmade. We will also need good quality music, decorations, props, make-up, décor etc.

The Gr. 4 to Gr. 12-learners will be at school from early evening until the end of each performance and therefore a light dinner will be provided to these learners on the 4 evenings. This will also make it more convenient, as you do not have to get dinner ready so early.

As mentioned in the March Circular, the cost to participate in the Revue is R250 per learner. All the above mentioned costs will be covered by this amount. You can pay it in instalments of R50 per month. The first instalment was due at the end of March. You can also make a once-off payment, should you wish to do so.

The R250 includes: costume, props, décor, music, make-up and 4 light dinners.

Revue-practice will commence this term.

We trust that we can count on your support!

### **RE-REGISTRATION 2018**

All learners have received a re-registration form for 2018. Please complete this as soon as possible and send back to school.

**Please note that your child will not be registered for 2018, if we do not receive your form.**

### **DIVORCE**

Children often feel or actually are voiceless when their parents' divorce. It is a highly emotional time for parents, and kids sometimes become part of the conflict, as each parent decides what he or she thinks is in the best interests of the children. There are some parents who can continue to parent their children and maintain a civil, if not friendly, relationship with the person from whom they are disengaging the rest of their life. For those who cannot, it appears children have a great deal to say about this. If and when they do tell you what they think, it is a good idea to really listen to some of the words of wisdom they have to offer. Here are some examples based on *Cooperative Parenting & Divorce Parent's Guide* (Boyan & Termini, 1999).



#### **Kids don't want.....**

1. ... to see their parents fighting. It makes them feel bad about themselves.
2. ... to hear about money or child support. They feel less like kids and more like possessions.
3. ... you to ask them questions about what is going on at their other parent's home. They feel like they are being asked to spy.
4. ... to be used as a messenger for anything needing to go back and forth between their homes. It means they're the ones who have to deal with the reaction of the other parent, and it makes them feel scared and anxious.
5. ... to feel bad for loving their other parent. They feel protective of both parents, can't figure out what is the right thing to do, and feel guilty.
6. ... to be stopped from seeing their other parent. It is too upsetting to be caught in the middle with everything and this too.
7. ... to be called constantly by the parent they aren't with. They want to be able to love you both completely and without guilt.
8. ... to hear either of their parents blaming the other for what is wrong with their lives. They think they're too young to have to deal with all that, and it is very upsetting to them.
9. ... either of you to ignore the other when you are at one of their sporting or other kinds of events. Just act like normal adults and don't embarrass them.

10. ... to have to worry about what they can or cannot bring with them when they go back and forth between your homes. They just want to be able to have their things when they want them.
11. ... to be asked questions that make them choose between you, especially about where they want to live. They think it is unfair.

**RAFFLE LAUNCE 2017**

An exciting raffle will be launched in May. Tickets will be sold at R10 each. Learners with the most ticket sales stand a chance to win sensational prizes! The class with the most tickets sold will also be spoilt.

Start saving your money!

**Friendly greetings**

\_\_\_\_\_  
**T GROENEWALD**  
**PRINCIPAL**

\_\_\_\_\_  
**C VAN WYK**  
**DEPUTY PRINCIPAL (H/School)**

\_\_\_\_\_  
**A NIEHAUS**  
**Deputy Principal (P/School)**

25 April 2017

OMSENDBRIEF 06/2017

Geagte Ouers/Voogde

**Today is the fruit of yesterday – it is also the seed of tomorrow.**

Jacob M. Braude

### **BOODSKAP VAN DIE HOOF**

Ons vertrou dat almal die vakansie geniet het en uitsien na die tweede kwartaal.

Die kwartaal sal beslis weer baie besig wees met 'n verskeidenheid aktiwiteite: rugby, netbal, sokker en skaak. Ons begin reeds oefen vir die revue wat sal plaasvind in die derde termyn.

### **BELANGRIKE DATUMS**

- |          |  |
|----------|--|
| 26 April | Skool sluit om 13h00   |
| 27 April | Vryheidsdag / Freedom Day  |
| 29 April | Skoolvakansiedag   |
| 1 Mei    | Werkersdag   |
| 4 Mei    | Rugby @ Prestasieskool<br>Netbal @ Frances Vorweg  |
| 8 Mei    | Wiskunde Olimpiade Gr 4 – 6  |
| 10 Mei   | <b><u>Oueropleiding: WISKUNDE IS PRET</u></b><br>Trek jou tekkies aan en kom sien hoeveel <b>PRET WISKUNDE</b> is! Tydens hierdie opwindende werkswinkel gaan ouers die basis van Wiskunde leer verstaan en praktiese idees kry om hul kinders met Wiskunde te help. |
| 11 Mei   | Finansiële vergadering Beheerliggaam   |
| 13 Mei   | Sportdag (Rugby & Netbal) teen Destinata   |
| 15 Mei   | Beheerliggaamvergadering (Algemene)  |
| 16 Mei   | Netbal @ Prestasieskool  |
| 18 Mei   | Rugby @ WK du Plessis  |
| 19 Mei   | Damestee   |
| 25 Mei   | Rugby @ Delta Park   |

### **PAASEIERS – BAIE DANKIE!!**

Baie dankie aan alle leerders, ouers en onderwysers vir die wonderlike donasie van 2 323 paaseiers! Hierdeur kon ons die volgende groepe seën met Paasfees: Gateway Village en skool, Klein Helderkruin Ouethuis, Lebogang Crèche in Princess, Donovan Mc Donald Ouethuis, Roodepoort bejaardesorg, verskeie vroue –en kinderskuilings soos Champions for Change in Horison. Daar was groot waardering vir die paaseiers. **Me Carla se graad 7A** klas het die meeste eiers ingesamel, **BAIE GELUK!!**

### **VOEDINGSKEMA BENODIG HULP**

Ons benodig dringend hulp vir die derde termyn asseblief. Donasies van kos kan gemaak word of u kan gevra word om te help met die maak van toebroodjies, hotdogs ens. **Kontak asseblief Me Hunter by die skool.**

### **2017 is REVUE JAAR!!!**

Ons is almal baie opgewonde daaroor. Die hele skool (Gr.1 tot Gr. 12) gaan aan die Revue deelneem. Die revue-vertonings sal plaasvind vanaf **14 tot 17 Augustus 2017**. Vooraf sal daar ook tegniese- en kledrepetisies, asook 'n DVD-opname wees. Meer inligting hieroor sal later volg.

Om van die revue 'n reuse sukses te maak, het ons almal se ondersteuning en samewerking nodig. Daar sal kostuums by Hollywood Kostuums gehuur moet word en sommige van die kostuums sal selfs gemaak moet word. Dan is daar ook nog musiek, bykomende versierings, grimering, dekor ens. wat aangekoop moet word.

Die Gr. 4- tot Gr. 12-leerders gaan van vroegaand tot aan die einde van die vertonings by die skool wees en daarom sal daar ligte etes aan elke leerder vir die 4 aande van die vertonings verskaf word. Dit verminder ook die druk op u as ouer om 'n vroeë aandete gereed te hê.

Soos reeds genoem in die Maart omsendskrywe, beloop die koste om aan die Revue deel te neem, R250 per leerder. Al bogenoemde kostes sal deur die bedrag gedek word. Die eerste paaieement kon reeds teen einde Maart betaal word. U kan ook die bedrag eenmalig betaal, sou u dit so verkies.

Die R250 sluit dus die volgende in: kostuum, rekwisiete en dekor, grimering en bybehore, musiek en 'n ligte ete vir vier aande.

Revue-oefening sal binnekort begin.

Ons vertrou dat ons op u samewerking kan staatmaak.

### **HER-REGISTRASIE 2018**

Alle leerders het reeds 'n her-registrasievorm ontvang vir 2018. Voltooi asseblief die vorm so gou moontlik en stuur terug skool toe.

**Let wel dat u kind nie vir 2018 geregistreer sal wees, indien ons nie die vorm terug ontvang nie.**

### **EGSKEIDING**

Kinders voel dikwels 'stemloos' wanneer hulle ouers skei. Dit is 'n hoogs-emosionele tyd vir ouers, en kinders voel soms deel van die konflik, soos elke ouer besluit wat hy/sy dink in die beste belang van die kinders is. Sommige ouers kan voortgaan om goeie ouers te wees en 'n ordentlike en vriendelike verhouding met die persoon van wie hulle ontkoppel die res van hul lewe in stand te hou. Vir diegene wat nie kan nie, blyk dit of kinders 'n groot deel te sê het hier oor. Hier is 'n paar voorbeelde wat gebaseer is op die boek *Co-operative Parenting & Divorce Parent's Guide* (Boyan & Termini, 1999).



#### **Kinders wil nie.....**

1. ... hulle ouers sien baklei nie. Dit veroorsaak dat hulle sleg voel oor hulself.
2. ... hoor oor geld of onderhoud nie. Hulle voel minder soos kinders en meer soos besittings.
3. ... dat jy vir hulle vrae vra oor wat aan die gang is by die ander ouer se huis nie. Hulle voel hulle word gevra om te spioeneer.
4. ... gebruik word as 'n boodskapper heen en weer tussen hul huise nie. Dit beteken hulle moet die ander ouer se reaksie hanteer en dit laat hulle bang en angstig voel.
5. ... sleg voel omdat hulle die ander ouer ook lief het nie. Hulle voel beskermend teenoor beide ouers, maak nie saak wat die ouer gedoen het nie.
6. ... verhoed word om die ander ouer te sien nie. Dit is ook ontstellend om gevange te wees in die middel van alles.
7. ... voortdurend gebel word deur die ouer by wie hulle nie is nie. Hulle wil in staat wees om albei ouers ten volle lief te hê, sonder om skuldig te voel.
8. ... hoor dat ouers mekaar blameer vir wat met hul lewens verkeerd is nie. Kinders is te jonk om al die inligting te verwerk en dit is baie ontstellend vir hulle.
9. ... hê dat ouers mekaar ignoreer wanneer hulle by sportbyeenkomste/sosiale geleenthede is nie. Tree soos volwassenes op en moet nie die kind in die verleentheid bring nie.
10. ... hul bekommer oor wat hulle mag of nie mag saambring wanneer hulle heen-en-weer tussen twee huishoudings beweeg nie. Hulle wil hulle persoonlike items wat vir hul belangrik is graag saamneem.
11. ... vrae gevra word sodat hulle moet kies tussen die ouers nie. Veral nie waar hulle graag sal wil woon nie, dit is onregverdig om hulle in daardie posisie te plaas.

## **LOOTJIE KOMPETISIE 2017**

'n Opwindende lootjie kompetisie skop af in Mei. Kaartjies sal teen R10 elk verkoop word. Die leerders wat die meeste kaartjies verkoop, staan 'n kans om ongelooflike pryse te wen! Die klas wat die meeste kaartjies verkoop sal ook bederf word.

**Begin solank jou geld spaar!**

**Vriendelike groete**

---

**T GROENEWALD  
HOOF**

---

**C VAN WYK  
ADJUNK HOOF (H/SKOOL)**

---

**A NIEHAUS  
ADJUNK HOOF (L/SKOOL)**